blare te verklein die boompie se groei onnodig vertraag. Daar is enkele metodes wat aangewend kan word:

A. Snoei van die blaar

Omdat die Akasia in saamgestelde blaar het, is dit moontlik om blaarverkleining aktief toe te pas. Die blaartjie kan egter deurgesny word sodat die oorblywende gedeelte so klein as moontlik is. Hierdie snoeiproses moet op elke blaartjie toegepas word. Die resultaat is dat die volgende stel blaartjies proporsioneel kleiner sal wees.



Snoei

b. Waterbeheer

Die ander metode wat blaarverkleining help bevorder, is om water selektief toe te dien in die aktiewe groeiseisoen.

Die boompie moet net genoeg water ontvang om hom aan die lewe te hou sodat die blaartjies kan verdwerg. Hierdie metode is egter slegs aan te beveel indien gesorg word dat die boompie nie skade ly deur verdroging nie.

Persone wat nie baie tyd het om aan hul boompies te skenk nie, word nie aangeraai om hierdie metode te gebruik nie.

WORTELSNOEI

Alle doringbome neig om hul goed te anker in die barre wêreld van AfrikA. Hierdie natuurlike neiging vind ons ook wanneer die Akasia as bonsai gekweek word.

Penwortelprobleme

Daar bestaan 'n paar moontlikhede om van 'n lang penwortel ontslae te raak maar ons sal die bespreking slegs beperk tot die volgende metode:

a. Snoei van die penwortel.

Dit is belangrik om van die penwortel ontslae te raak omdat dit kan verhoed dat die boompie in 'n bepaalde houer geplant kan word.

Lang penwortels wat al verhard het, kan nie sondermeer afgeknip word nie. Om van die penwortel ontslae te raak, kan ons van die ringbas metode gebruik maak.

b. Metode

Plant die boompie in 'n diep groeipot sodat die hele penwortel daarin pas. Sny die bas ongeveer 1 cm breed reg rondom die penwortel af. Gebruik hardehout hormoonpoeier om aan die bas te smeer om wortelvorming te stimuleer.